

# Uitmuntende joernalistiek in uitsonderlike tye

In 'n era waarin popnuus soos 'n veldbrand kan versprei, is dit belangriker as ooit tevore om goeie joernalistiek te ondersteun. Daarom het die ATKV besluit om 'n spesiale Covid-toekenning te maak aan verdienstelike joernaliste, vervaardigers en programmakers. Prys geld van altesaam R30 000 is op die spel. Die algehele wenner ontvang R15 000, die naaswenner R10 000, en die persoon wie se werk die derde plek beklee, R5 000.

Die ATKV wil graag erkenning gee aan joernaliste wat kykers, luisteraars en lesers ingelig gehou het met feitlik korrekte, prikkelende beriggewing oor die Covid-19-pandemie en die invloed daarvan op ons land, ons mense en die wêreld soos ons dit geken het voor Maart 2020.

Die primêre fokus in die beriggewing moet val op Covid-19 en die pandemie se direkte uitwerking op byvoorbeeld:

- Fisieke gesondheid, die gesondheidstelsel, die verloop van die pandemie.
- Geestesgesondheid.
- Gemeenskappe, met aspekte soos Covid-helde, gemeenskapsinisiatiewe, gendergeweld.
- Die ekonomie, met aspekte soos werkloosheid, besighede, entrepreneurskap, inisiatiewe deur mense om aan te pas.
- Die wêreld om ons met aspekte soos die natuur, voedsel, Covid-besoedeling.
- Inenting, met aspekte soos mandate, teenkantiing, entstofnavorsing.
- Alternatiewe middels en behandeling.
- Covid-korrupsie, met aspekte soos tenderbedrog, korrupte amptenare.
- Politieke inmenging in die pandemie.

## WAARNA SOEK ONS?

- Uitstekende oorspronklike **Afrikaanse** artikels, programme en insetsels wat fokus op die pandemie in Suid-Afrika.  
*Geen beriggewing in Engels of vertaalde beriggewing sal oorweeg word nie.*
- Korrekte feite wat op 'n verstaanbare wyse aangebied word.
- Vars en ongewone invalshoeke.
- Interessante en boeiende aanbieding.
- 'n Joernalis, vervaardiger of programmaker wat die ekstra myl geloop het om onder moeilike omstandighede 'n storie uit te snuffel en dit op die beste manier moontlik vertel.

## WAARUIT BESTAAN 'N INSKRYWING?

Kandidate wie se werk aan bogenoemde vereistes voldoen, word genooi om 'n korpus van hulle werk in te skryf. Die korpus moet uit **DRIE** artikels, programme of insetsels bestaan wat tussen 1 Maart 2020 en 15 Oktober 2021 verskyn het / uitgesaai is. **NB: Indien minder of meer as drie artikels, programme of insetsels ingedien word, sal die inskrywing summier gediskwalifiseer word.**

Deelnemers mag **slegs een maal** inskryf. Indien die soort artikel, program of insetsel in meer as een genre val soos leefstyl, ekonomiese of wetenskaplike joernalistiek, of by verskillende media hoort soos lees, luister of kyk, moet die deelnemer self besluit watter **drie** bydraes in sy/haar finale inskrywing ingesluit gaan word.

## SLUITINGS DATUM VIR INSKRYWINGS

31 Oktober 2021 tot 12:00.

## INDIEN VAN INSKRYWINGS

Alle inskrywings moet via We Transfer gestuur word na [IlseS@atkv.org.za](mailto:IlseS@atkv.org.za). Die sluitingsdatum is 31 Oktober 2021 tot 12:00.

## BEOORDELING

Beoordeling vind tussen 1 November en 1 Desember 2021 plaas.

## AANKONDIGING VAN WENNERS

Die wenners word op 9 Desember 2021 aanlyn aangekondig. Meer besonderhede sal later bekend gemaak word.

## PRYSE

**Eerste prys:** R15 000  
**Tweede prys:** R10 000  
**Derde prys:** R5 000

## REËLS

- Daar is geen inskrywingsgeld nie.
- Vorige wenners van ATKV-Mediaveertjies mag weer inskryf.
- Inskrywings moet bestaan uit werk wat tussen 1 Maart 2020 en 15 Oktober 2021 gepubliseer, uitgesaai of gebeeldsind is.
- Slegs een inskrywing per persoon, bestaande uit **drie** artikels, programme of insetsels, word aanvaar.
- Omdat die kompetisie gerig is op 'n werklike pandemie en gesondheidstoestand, is feitelike beriggewing en die korrektheid van die feite ononderhandelbaar.
- Kundiges tree as beoordelaars op.
- Indien 'n inskrywing nie aan bogenoemde riglyne voldoen nie, sal dit outomaties gediskwalifiseer word.
- Elke inskrywing word in sy geheel beoordeel en nie net dele daarvan nie.
- Die ATKV behou hom die reg voor om in samewerking met die beoordelaarspaneel 'n finale beslissing te maak wanneer daar vanweë die reëls of praktyk van die kompetisie onsekerheid of 'n uitsondering ontstaan.
- Die beoordelingsproses word streng deur die ATKV gekontroleer.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie sal tydens of ná afloop van die kompetisie oor die uitslag gevoer word nie.
- Die ATKV kan pryse weerhou na gelang van die gehalte van die inskrywings en op aanbeveling van die beoordelaars.
- Die ATKV behou hom die reg voor om beeld-, asook klankmateriaal van die wenninginskrivings te gebruik.
- Geen materiaal van die inskrywings sal teruggestuur word nie.
- Deelnemers onderneem om hulle neer te lê by alle kompetisiereëls wat ook mediaskakeling insluit.
- Oortreding van die reëls van hierdie kompetisie of onvolledige inskrywings kan lei tot die diskwalifikasie van inskrywings.
- Die ATKV behou hom die reg voor om die kompetisie enige tyd op te skort of te beëindig indien omstandighede dit noodsaak.

## NAVRAE

Ilse Salzwedel: Projekorganiseerder  
E-posadres: [IlseS@atkv.org.za](mailto:IlseS@atkv.org.za)  
**Slegs navrae per e-pos sal beantwoord word.**



ATKV